ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Privaatsak X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Faks: 011 262 2656

Februarie 24, 2015

Geagte Handelskrediteure en HS Beleggers

ONTVANGER KOMMUNIKASIE AAN SKEMA DEELNEEMERS

1. Afgaande op die bekragtiging van die reelingskema ("**die Skema**") ingevolge artikel 155 van die Maatskappyewet, 2008, voorgestel deur Orthotouch Beperk ("**die Maatskappy**"), is die Skema geimplementeer, en gaan implementering voort.

2. Ingevolge die Skema het die proses van oordrag van Eiendomme na die Maatskappy en The Capital Growth Fund ("**CGF**") begin en sal die proses so vining moontlik voortgaan.

3. As gevolg van die stemming wat plaasgevind het rakende die notering van CGF as 'n REIT in die eiendom sektor van die hoof beurs van die JSE Beperk ("**JSE**") (Alternatief 3 van die Skema), was die minimum batewaarde van R300 miljoen, vereis deur die JSE vir so 'n notering, nie behaal nie.

4. As gevolg van voormelde, het die Maatskappy teen einde Januarie 2015, dit in die vooruitsig gestel dat CGF, op daardie stadium, nie as 'n REIT genoteer sou word nie. Gevolglik was ek deur die Maatskappy meegedeel dat, ingevolge die Skema, CGF sou voortgaan om besigheid te bedryf, in die normale loop, as 'n ongenoteerde fonds, totdat dit paslik sou word om CGF op die JSE te noteer.

5. Ek is egter onlanks deur die Maatskappy meegedeel dat die aangeleentheid van 'n REIT notering van CGF in heroorweging geneem is, en dat dit nou in die vooruitsig gestel word dat addisionele bates, in die aard van onroerende eiendom, in CGF oorgedra sal word, ten einde die minimum notering drumpel van R300 miljoen te bereik.